**Vrydag 10 Julie**
**Skrifgedeelte: Eksodus 32:1-14 (AFR2020)**
**Fokusgedeelte: Eksodus 32:1-14**
**Kan God spyt kry?**

Kan God van plan verander en spyt kry? Dit is ’n vraag waaroor baie gelowiges al baie geworstel het. Die Hebreeuse werkwoord gee ook vir vertalers probleme. Die 2020-vertaling praat van om spyt te kry. Die 1933/53-vertaling sê dat dit die HERE berou het, terwyl die 1983-vertaling sê dat God daarvan afgesien het om iets te doen. Die Hebreeuse werkwoord kan beteken om jammer te wees, om spyt te kry of jouself te troos. Dit gaan daaroor om optrede te verander.

Hierdie hoofstuk beskryf dat die volk ’n goue kalf gemaak het. Daarom wou die Here die volk uitwis. Moses het die Here gevra om dit nie te doen nie, en gebruik in sy versoek dieselfde werkwoord in vers 12. Die Here het die volk uit Egipte verlos. As Hy die volk uitwis, sal die Egiptenaars dink dat die Here die volk uitgelei het net om hulle te verwoes. Moses wys ook op God se beloftes aan Abraham, Isak en Jakob.

Die Here het na Moses se smeking geluister en besluit om nie die volk heeltemal uit te wis nie. Tog het hulle nie skotvry daarvan afgekom nie. Omtrent 3000 man is deur die Leviete doodgemaak (vs 28) en ’n plaag het die volk getref (vs 35). God se optrede spreek van sy lankmoedigheid. Hy het eintlik weer ’n nuwe begin met die volk gemaak ten spyte van hulle sonde. In die toekoms sou Hy ook die volk straf wanneer hulle oortree. Hulle sou selfs hulle land verloor en in ballingskap gaan.

Omdat die mens se sonde gestraf moes word, het God sy Seun gestuur om die straf op ons sonde te dra. Ons moet dus ook ons verantwoordelikheid besef om ons elke dag te bekeer, as antwoord op sy genade en sy lankmoedigheid ook met ons.

*Sing: Psalm 38-1:1*

*Prof. HF (Herrie) van Rooy (Emeritus)*